SAKE 24 (Burger Kaap)
Tuesday, 27 October 2009, p. 18

Brandstofverbruik só beheer en bestuur

Talle bestuurders het in 2009 met hul hande in die hare gesit as gevolg van die brandstofprys wat binne 'n kwessie van maande tot ongekende vlakke geklim het.

Vlootoperateurs is ook hard hierdeur getref.

Hoewel die prys van brandstof weer gestabiliseer het en nie meer so swaar op verbruikers en maatskappye se skouers lê nie, het hulle besef wat die effek van só 'n verandering op hul ondernemings kan wees.

Mix Telematix (Mobile Information Exchange) sê op sy webwerf brandstofbestuur is telkens die tweede grootste uitgawe op 'n vlootbestuurder se inkomstestaat.

Aangesien jy nie kan bestuur wat jy nie kan meet nie, bied die groep ook 'n verskeidenheid metodes van hoe om brandstofverbruik te meet.

"Maar om brandstofverbruik te meet, is een ding, om dit te verminder, is 'n heel ander ding," sê MiX Telematics.

"Daarom kry brandstofverbruik sowel as die bestuursprobleme wat brandstofverbruik beïnvloed, aandag.

"Faktore soos te vinnig ry, die revolusies te erg opjaag (*rev*), en oormatig luier veroorsaak oormatige brandstofverbruik en deur bestuurders hierop bedag te maak, kan beduidende besparings behaal word," sê Mix Telematics.

Mix Telematics se dienste sluit in die meet van brandstofverbruik deur CANbus of 'n ander brandstofvloeimeter, verslagdoening oor brandstofverbruik per rit en bestuurderfoutverslae.

Shell het vroeër vanjaar sy nuwe Shell Diesel Extra, 'n brandstof wat beloof om vir meer kilometers per liter te sorg, bekend gestel.

Hiermee saam is 10 wenke vir meer brandstofekonomiese bestuursgewoontes ook bekend gemaak.

Brandstof word by 'n motorhawe in Lynnwood ingegooi. Motoriste en vlootoperateurs het verlede jaar gely onder hoë brandstofpryse. Dít het die belangrikheid van doeltreffende brandstofbestuur onder die vergrootglas geplaas.
Foto: LEON BOTHA

Hierdie lys is opgestel in samewerking met mnr. en mev. John en Helen Taylor, 'n Australiese paartjie wat die Guinness-wêreldrekord vir die laagste brandstofverbruik hou.